*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (36/22)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 9 September 2022*

### *"Around thrones the thunder rolls" CJ Sansom*

**SITRUSBEDRYF STOP VRYWILLIG UITVOER VAN VALENCIAS NA EU OM CBS-RISIKO TE VERMINDER**

Met 'n maand oor van hierdie uitvoerseisoen, het die Citrus Growers' Association of South Africa (CGA) en die Fresh Produce Exporters' Forum se Rade die besluit geneem om vrywillig die uitvoer van Valencia-lemoene uit Sitrus Swartvlek (CBS) -geaffekteerde gebiede in Suid-Afrika na die Europese Unie (EU), vanaf 16 September 2022, te stop.

Hierdie besluit is geneem in reaksie op die 10 CBS-kennisgewings van nie-nakoming (NONC's) op SA sitrus wat tot dusver hierdie seisoen gevind is, en die tradisionele verhoogde risiko wat Valencia-lemoene inhou vir CBS-nie-nakoming aan die einde van die EU-uitvoerseisoen. Die sluiting van die mark sal in 'n stapsgewyse benadering uitgerol word, met die laaste dag van inspeksies op Valencias in Noordelike streke op 16 September, terwyl die Gamtoosvallei [Patensie], Oos-Kaapse Middellande en Sondagsriviervallei se inspeksies op 23 September 2022 sal stop. Mandaryne, pomelo's, suurlemoene en nawels van CBS-vrye gebiede sal nie geraak word nie. Alhoewel hierdie sluiting nog 'n slag vir die produsente sal wees, wat reeds een van die mees uitdagende seisoene tot dusver in die gesig gestaar het, moet voortgesette toegang tot die EU-mark oor die langer termyn geprioritiseer word. Hierdie besluit wys ook dat Suid-Afrika se fitosanitêre CBS-risikobeperkingstelsel doeltreffend geïmplementeer word.

Terwyl uitvoersyfers steeds bestendige volume groei in vergelyking met vorige jare toon, beteken 'n aantal ernstige bedryfs- en kommersiële uitdagings dat die meerderheid plaaslike produsente, met die werklike vooruitsig van aansienlike verdienste verliese vanjaar in die gesig gestaar word. Ervare bedryfskommentators is van mening dat minder as 20% van sitrusprodusente waarskynlik bo-gelykbreek opbrengste aan die einde van die 2022-seisoen sal haal. Dit hou 'n groot bedreiging vir die volhoubaarheid en winsgewendheid van die sektor in, en die 130 000 werksgeleenthede wat dit onderhou, asook die R30 miljard se uitvoerinkomste wat dit jaarliks genereer.

Die ernstigste uitdaging wat produsente in die gesig staar, wat die grootste impak op hul winspunt het, is prysstygings van 'n aantal insette as gevolg van die Covid-19-pandemie en die Russiese inval in die Oekraïne. Kunsmispryse het byvoorbeeld tussen 2020 en 2021 met meer as 56% gestyg en brandstofpryse het met 53% gestyg. Van selfs groter kommer, is rekord hoë vragtariewe, met skeepsrederye wat hul pryse met 128% tussen 2020 Q1 en 2022 Q1 verhoog het. Dit beteken produsente moet feitlik twee keer soveel betaal om hul vrugte te verskeep as wat dit gekos het om dit oor 'n hele jaar te produseer. Om teen verdere prysstygings te waak en prysstabiliteit in die toekoms te verseker, het die CGA met ander vrugtesektore in gesprek getree om moontlik beheer oor hul verskeping te neem, met 'n uitvoerbaarheidstudie wat na verwagting teen einde September voltooi sal wees.

Terselfdertyd was daar 'n daling in werklike uitvoerpryse oor alle variëteite, wat na verwagting vir die volgende paar jaar sal voortduur. Hierdie uitdaging is verder vererger deur die onlangse ongeregverdigde en diskriminerende Valskodlingmot (VKM) regulasies wat deur die EU goedgekeur is, wat sal vereis dat uitvoerende Afrika lande 'n drastiese verpligte koue behandeling vir lemoene wat na die streek gaan, moet implementeer. Hierdie nuwe regulasies het onlangs gesien dat tot 1 350 houers sitrus vir 'n aantal weke by EU-hawens aangehou is, wat daartoe gelei het dat plaaslike produsente meer as R200 miljoen se verliese gely het. Die langtermyntoepassing van die nuwe VKM-regulasies is 'n ernstige bedreiging vir die bedryf, en daarom sal die WHO-konsultasieproses wat onlangs deur die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DTIC) van stapel gestuur is, van kritieke belang wees. Die CGA se standpunt bly dat die koue behandeling wat in die nuwe regulasies voorgeskryf word, in stryd met wetenskaplike bewyse is, wat dit 'n arbitrêre en onnodige handelsbeperkende maatreël maak, en dienooreenkomstig internasionale vereistes vir sulke fitosanitêre handelsregulasies oortree. Die CGA sal alle hulpbronne, soos vereis deur die DTIC en DALRRD, tydens die komende WHO-konsultasieproses, beskikbaar stel. In die lig van hierdie ernstige terugslae is dit positiewe nuus dat Suid-Afrika se hawens die afgelope paar maande redelik glad funksioneer met enige blokkasies wat vinnig deur die betrokke rolspelers, insluitend Transnet, aangespreek word. Die CGA gaan voort om 'n weeklikse logistieke reaksiekomitee byeen te roep wat risiko's in die logistieke kettings en oplossings identifiseer om die mees dringende sake aan te spreek. Dit sluit deurlopende vergaderings met die senior bestuur by Transnet, oor die funksionering van die hawens, in.

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Einde van Week 35 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2020 | 2021 | 2022 | 2021 | 2022 | 2022 | 2022 | 2021 |
| Pomelo's PP (17kg) | | 2.7 m | 2.5 m | 2.2 m | 2.0 m | | | |
| Pomelo's Klas 1&2 (17kg) | | 12.6 m | 11.9 m | 12.5 m | 10.8 m | | | |
| Pomelo's | 15.9 m | 17.3 m | 16.4 m | 16.7 m | 14.4 m | 16.8 m | 16.6 m | 17.5 m |
| Mandaryne | 22.2 m | 28.5 m | 29.7 m | 24.9 m | 28.6 m | 34.5 m | 34.2 m | 30.9 m |
| Suurlemoene | 26.9 m | 29.5 m | 33.7 m | 27.7 m | 32.3 m | 32.3 m | 34.0 m | 31.0 m |
| Nawels | 25.3 m | 26.2 m | 26.2 m | 23.5 m | 24.9 m | 28.7 m | 26.7 m | 27.2 m |
| Valencias | 38.1 m | 39.2 m | 41.1 m | 24.9 m | 32.8 m | 58.2 m | 54.6 m | 55.0 m |
| **Totaal** | **128.4 m** | **140.7 m** | **147.1 m** | **117.7 m** | **133.0 m** | **170.5 m** | **166.1 m** | **161.6 m** |